Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

IEWERS TUSSENIN

Musiek: Anna Davel
Teks: Koos du Plessis

Iewers tussenin lê daar
'n wêreld agter glas -
'n Pompeji in die kleine waar
kleur en vorm vas
en ewig onveranderbaar
is soos dit eenmaal was
iewers tussenin – iewers tussenin

Iewers tussenin lê daar
'n ewigheid van rus
waar droom en waarheid nog onklaar
nog op die weefstoel is -
teen tyd en ewigheid bewaar,
gebalsem in vernis
iewers tussenin – iewers tussenin
lê daar 'n heelal in die niet
waar dooies na die dooies staar
wat lag oor hul verdriet
en selfs die noorde jaar na jaar
die swaeltjies niks kan bied.

Iewers tussenin lê daar
iets wat my steeds ontwyk
en jaar na jaar meer stof vergaar
van al die kyk en kyk en kyk